22 September

Skrifgedeelte: Sagaria 9 en 10
Fokusgedeelte: Sagaria 9:9-12

# Jou koning kom na jou toe

Deur die Gees van die Here kyk die profeet nou die toekoms in. Die tempelbou is afgehandel, maar nie God se heilsplan met die aarde nie. Die eerste boodskap wat op die toekoms gerig is, is dat God ’n koning stuur. Sedert die terugkeer uit ballingskap het Juda leiers gehad, maar nie ’n koning nie. Soos in die rigtertydperk het hulle ’n koning begeer. Destyds het God Saul as straf vir hulle gegee. Saul was die vergestalting van die volk self: opstandig, eiewillig, gewelddadig, jaloers en magsbehep. Hierdie keer gee God nie ’n koning op die volk se aandrang nie. Hy stuur die koning op sý tyd – wanneer die tyd ryp is.

In die woordjie “kom” moet ons die woordjie “diens” lees. Hy kom om te dien. Hy daal neer na sy volk om hulle swaarkry en armoede te deel, want Hy ry op ’n donkie (vs 9). Hy sal nie net oor die kleine Juda regeer nie, maar heers van see tot see (vs 10). Hy sal nie met die swaard nie, maar met die Woord nasies verower. Hy sal die harte van volke verander. Selfs van die Filistyne sal dan aan die Here behoort en tot Juda toegevoeg word (vs 7). Dit is duidelik dat Sagaria deur die Gees van die Here aan die Messias dink wat 520 jaar later in Betlehem gebore sou word.

Sedert Betlehem het 2 000 jaar verloop, maar die boodskap bly steeds geld: “Jou koning kom!” Hierdie keer kom Hy om ons te kom haal (Joh 14:3). Soos Hy ons staat van ellende op aarde gedeel het, só sal ons dan sy heerlikheid in die hemel deel.

Sing: Skrifberyming 30:4, 5

Ds AS Heystek (Emeritus)